NG KERK Waterkloof
GELOOF • HOOP • LIEFDE
H/v Dey- en Giovanettistrate
Nieuw Muckleneuk, 0181
Posbus 2492, Brooklyn Square, 0075
Tel. 012 460 3913 Faksimilee 012 460 1460
E-pos adres: ngkwater@yebo.co.za
www.waterkloofkerk.co.za

REëLINGS VIR HUWELIKE

Baie geluk met julle huweliksvoorneme! Vanuit ’n geloofsperspektief is die kry van ’n huweliksmaat die grootste geskenk van die Here. Ons wil graag help dat die huweliksgeleentheid ’n gepaste viering van julle samevoeging as man en vrou sal wees. Daarom tref ons die volgende reëlings:

A HUWELIKE IN DIE WATERKLOOF KERK

1 TYD

Huwelike behoort liefs nie gereël te word vir Sondae, of vir vroeër as 09:00 of later as 16:00 gedurende Saterdae of weeksdae nie. Die gemeente-leraar kan uitsonderings toelaat.

2 ORRELIS

Die gemeente-orrelis is Hentus van Rooyen. Indien u van die gemeente-orrelis gebruik wil maak, moet u vroegtydig deur die kerkkantoor die nodige reëlings met hom tref. U kan op eie koste en met toestemming van die gemeente-leraar of die gemeentebestuurder, van ’n ander orrelis gebruik maak en/of ander musikante betrek.

3 MUSIEK

Indien u self die musiek wil kies, moet dit minstens sewe dae voor die plegtigheid aan die orrelis beskikbaar gestel word vir sy goedkeuring. Die musiek moet ’n gewyde Christelike karakter dra.

Die orrelis is nie verantwoordelik vir die skryf of transponering van sangstukke nie. Hy/sy is voor die huwelik beskikbaar vir ‘n oefensessie (verkieslik een) saam met 'n sanger of ander musikant teen 'n bykomstige fooi van R 150.00/halfuur.

4 BLOMME en OEFENSESSIES

Indien u vooraf toegang tot die kerk vir die aanbring van blommerangskikkings of vir oefensessies benodig, moet u dit betyds met die kerkkantoor reël. U is self verantwoordelik vir die verwydering van alle blomme na die seremonie.

5 MEUBELS

Die koster is verantwoordelik om die tafel waarby die register onderteken word, voor die kansel te plaas mits u dit vooraf by die kerkkantoor gereël het. Indien enige verdere verskuiwing van meubels nodig is, moet die gemeentebestuurder geraadpleeg word.

6 KLANK- EN VIDEO-OPNAMES:

Klank- en video-opnames van die seremonie mag deur hoogstens twee fotograwe gemaak word, onderhewig aan die volgende beperkings: Mikrofone en stilstaande kameras mag op onopsigtelike plekke binne die liturgiese ruimte geplaas word. Die fotograaf mag ook ’n handkamera gebruik, maar mag nie die liturgiese ruimte gedurende die seremonie betree om foto’s te neem of toerusting te verstel nie. Indien bykomende beligting benodig word, kan dit in oorleg met die betrokke leraar aangebring word. Geen kameraflitse word tydens die seremonie toegelaat nie. Kabels moet so geplaas word dat dit nie hinderlik binne die liturgiese ruimte is nie.

7 FOTO'S

Ander fotograwe is welkom om foto's te neem terwyl die huweliksregister onderteken word, maar hulle moet asseblief nie in die kerk tydens die seremonie foto's neem nie.

8 CONFETTI

Geen "confetti" word toegelaat nie. Blomblare en papierlint (streamers) mag gebruik word.

9 DEPOSITO

U moet, addisioneel tot alle ander gelde, 'n deposito van R 250 betaal wanneer u die kerkgebou bespreek. U ontvang die deposito terug indien die kerk skoon en netjies agtergelaat word. So nie word die deposito (of 'n gedeelte daarvan) aangewend om te betaal vir opruiming met die oog op die volgende dag se gemeentelike aktiwiteite.

10 GELDE BETAALBAAR

Die onderstaande gelde is betaalbaar, by die kerkkantoor of direk in die gemeente se bankrekening, voordat die bespreking van die kerkgebou bevestig kan word. Die bankbesonderhede is soos volg:
Rekeninghouer: NG Gemeente Waterkloof
Bank: ABSA Tak: Brooklyn
Takkode: 335-345 Rekeningnommer: 1500 5800 77
Verwysing: "Huweliksbevestiging (bruid se van)"

Item	Bedrag	Opmerkings
Kerkgebou	R 375	Die gebruik van die kerkgebou is gratis as die bruid of bruidegom 'n gemeentelid is
Gemeente-leraar	R 350	Geen gelde waar gemeente-leraar nie optree nie
Buite-leraar	Eie verantwoordelikheid	
Gemeente-orrelis	R 350	Plus R 100/halfuur vir oefensessies. Geen gelde waar gemeente-orrelis nie gebruik word nie
Koster	R 350	Plus addisionele gelde vir buitengewone of na-uurse dienste (indien enige)
Motorwagte	R 250	Indien benodig (drie ure aan diens)
Registrasie	R 150	Huweliksregistrasiebedrag

11 SAAL

Die kerksaal kan, indien beskikbaar, vir 'n onthaal na afloop van die huweliksbevestiging gehuur word. Die toepaslike terme en voorwaardes kan met die gemeentebestuurder uitgeklaar word.

B HUWELIKE ELDERS DEUR 'N LERAAR VAN DIE GEMEENTE

12 Indien die gemeente-leraar 'n huwelik in 'n ander lokaal as die gemeente se kerkgebou voltrek, verval die kostes verbonde aan die orrelis en die koster en is slegs die gelde verskuldig aan die leraar en die registrasiegelde betaalbaar.

Die gemeente-leraar moet ook vergoed word vir sy reiskoste indien hy verder as 20km van sy woonplek moet optree. Die fooi betaalbaar is óf die werklike koste waar hy van publieke vervoer gebruik maak, óf die heersende AA tarief per kilometer as hy sy eie vervoer gebruik. Die tarief is tans (2011) R 2.40/km.

TELEFOONNOMMERS:

Gemeente-leraar (dr André van Niekerk)	072 317 0408
Gemeentebestuurder (dr Willie Botha)	082 573 2690
Kerkkantoor (me Renata Rossouw)	012 460 3913
Orrelis (mnr Hentus van Rooyen)	076 903 8053

Hierdie reëling is op 25 Mei 2011 deur die Kerkraad goedgekeur.

Willie Botha: Gemeentebestuurder

NG KERK Waterkloof
GELOOF • HOOP • LIEFDE

HUWELIKSREGISTRASIEVORM

DATUM VAN HUWELIK: .....

TYD: .....

HUWELIKSBEVESTIGER: .....

ORRELIS: …….....

PLEK: .....

BESONDERHEDE VAN BRUIDEGOM:

Van: ..... Noemnaam: …….....

Volle voorname: .....

Identiteitsnommer: ..... Geboortedatum: .....

Tel: (H)..... (W)..... (Sel) .....

Woonadres: .....

Posadres: .....

Land van geboorte: .....

Huwelikstaat: Ongetroud ☐

Wewenaar ☐ Doodsertifikaatno …….....

Geskei ☐ Egskeidingsbevelno .....

BESONDERHEDE VAN GETUIE VIR BRUIDEGOM

Van: ..... Noemnaam: …….....

Volle voorname: .....

Identiteitsnommer: ..... Geboortedatum: .....

Tel: (H)..... (W)..... (Sel) .....

BESONDERHEDE VAN BRUID:

Van: ..... Nooiensvan: …… .....

Volle voorname: .....

Noemnaam: .....

Identiteitsnommer: ..... Geboortedatum: .....

Tel: (H)..... (W)..... (Sel) .....

Woonadres: .....

Posadres: .....

Land van geboorte: .....

Huwelikstaat: Ongetroud ☐

Weduwee ☐ Doodsertifikaatno .....

Geskei ☐ Egskeidingsbevelno .....

BESONDERHEDE VAN GETUIE VIR BRUID:

Van: ..... Noemnaam: …….....

Volle voorname: .....

Identiteitsnommer: ..... Geboortedatum: .....

Tel: (H)..... (W)..... (Sel) .....

Op of sonder huweliksvoorwaardes: .....

Woonadres na die huwelik: .....

Posadres na die huwelik : …….....

Tel: (H)..... (W)..... (Sel) .....

E-Pos .....…….....

Opmerkings:.....

HUWELIK IN KERKGEBOU

(A) **GELDE**: Die volgende gelde is betaalbaar by bespreking van die kerkgebou:

Item	Bedrag	Opmerkings	Reiskoste
Kerkgebou	R 375	Die gebruik van die kerkgebou is gratis as die bruid of bruidegom 'n gemeentelid is	
Gemeente-leraar	R 350	Geen gelde waar gemeente-leraar nie optree nie	
Eie leraar	Eie verantwoordelikheid		
Gemeente-orrelis	R 350	Plus R 100/halfuur vir oefensessies. Geen gelde waar orrelis nie gebruik word nie	
Koster	R 350	Plus addisionele gelde vir buitengewone dienste (indien enige)	
Motorwagte	R 250	Indien benodig (drie ure aan diens)	
Registrasie	R 100	Huweliksregistrasiebedrag deur die Staat gehef	
DEPOSITO	R 250		
TOTAAL			
KWITANSIENOMMER			

HUWELIK ELDERS

HUWELIKSBEVESTIGER: .....

REGISTRASIEFOOI: R 150.00

REISKOSTE: ……km @ R……../km = ……..... bedrag verskuldig
(Tans R 2.40/km verder as 20 km vanaf NG Kerk Waterkloof)
(Hierdie vorm moet asb 1 maand voor die huwelik by die kerkkantoor ingehandig word tesame met die fooie)

VEREISTES VIR HUWELIKSREGISTER
(ou register BI-30)

(1) Twee afskrifte van paartjie se ID's met hulle telefoonnommers daarop geskryf
Indien `n ID verlore is, twee voltooide vorms BI-31 (Declaration for the purpose of a marriage in absence of an ID document)

(2) Twee afskrifte elk van jul twee getuies se ID's
Skryf die volgende daarop: Getuie (a) en sy / haar kontaknommer
Getuie (b) en sy / haar kontaknommer
Let wel: maak seker dit stem ooreen met getuies (a) en (b) op die BI-30 register!

(3) Vrou se van
Wat moet die vrou se van wees na afloop van die seremonie?
(Dis beter dat die bevestiger self die vrou se nuwe van inskryf op die register...!)
Indien voorheen getroud, twee afskrifte van haar geboorte-sertifikaat - om haar nooiensvan mee te bewys.

(4) Indien voorheen getroud, twee afskrifte van die finale egskeidingsbevel

Let wel: nie `n egskeidings skikkingsooreenkoms (settlement agreement) nie.

Dit **moet** `n landswapen bo-aan bevat!

Indien nie, **moet** daar dan `n stempel van die griffier van daardie hof op wees - in rooi of pers ink...! Geen fotostate word aanvaar nie!

(5) Indien wewenaar of weduwee, twee afskrifte van die sterftesertifikaat van die oorlede man of vrou

(6) Eiendomsreg: trou julle binne of buite gemeenskap van goedere?

Sedert Oktober 2010 is dit NIE meer nodig om by "Remarks" op die register te skryf: "Binne / buite gemeenskap van goedere" nie!!! Dit is wel die plig van die bevestiger om die paartjie hieroor uit te vra, sodat hulle daaraan kan aandag skenk. Hulle kan `n brief van die prokureur by die bevestiger inhandig, bloot om te bevestig dat hulle by `n prokureur was. Moet dit egter NIE meer aanheg vir Binnelandse Sake nie. Liasseer dit saam met `n duidelike afskrif van die BI-30 vir moontlike toekomstige navraag.

Indien daar `n nie-RSA burger betrokke is:

(1) Twee duidelike afskrifte van

die paspoort se fotobladsy, en
die visum, of besoekerspermit, geplak of gestempel binne-in die paspoort.

Indien die persoon `n vlugteling is, twee afskrifte van die "Asylum seeker permit".

(2) Twee voltooide vorms BI-31

(Declaration for the purpose of a marriage in absence of an ID document)

(**3) `n Brief "Letter of No Impediment"** van die buitelandse owerhede waarin hulle stel dat daar volgens hul rekords, geen beletsel is dat die persoon mag trou nie. Dit moet `n oorspronklike brief wees. Geen fotostaat word aanvaar nie.

Indien die persoon `n vlugteling is, `n beëdigde verklaring voor `n SAPD beampte wat stel dat hy/sy nie in `n ander land reeds met iemand getroud is nie en dat hy/sy vry is om hierdie huwelik aan te gaan.

(4) Onderhoud met `n immigrasie-beampte

Die paartjie en die bevestiger moet verkieslik **voor** die troue gaan vir `n onderhoud met `n immigrasie-beampte van Binnelandse Sake. Dit kan ook na afloop van die troue gedoen word, maar dan moet daar `n goeie rede verskaf word waarom dit nie voor die troue kon gebeur het nie. `n Brief word uitgereik, wat aan die BI-30 vasgeheg moet word.

(5) Indien die buitelander voorheen in die buiteland getroud was:

`n Oorspronklike egskeidingsertifikaat met `n Apostille-seël daarop aangebring, of
`n Oorspronklike sterftesertifikaat met `n Apostille-seël daarop aangebring.

Let wel: alles hierbo vermeld wat in **twee's** ingehandig moet word, is om 2 stelle papierwerk te produseer: een vir Binnelandse Sake en een vir die bevestiger.

Die bevestiger kan sy stel papierwerk eendag vernietig sodra die huwelik op Binnelandse Sake se sisteem opgeneem is. Dit gebeur egter dikwels dat `n geval binne-in die departement verlore raak en dan is dit handig indien daar so `n rugsteun stel papierwerk is.

Algemene opmerking oor fakse:
Die bevestiger is ook `n kommissaris van ede wat die oorspronklike weergawes van alle ondersteunende dokumente fisies moet sien (ID, paspoort, egskeidingbevel. sterftesertifikaat, ens).

Dit skep dadelik vraagtekens by Binnelandse Sake wanneer enige van hierdie dokumente ingehandig word en dis duidelik dat dit aan die bevestiger GEFAKS was. Die afleiding word gemaak dat die bevestiger dus nie die oorspronklike dokument onder oë gehad het nie en die registrasie van die huwelik gaan gevolglik SLOER.

Oplossing:
(1) Maak seker dat alle afskrifte "eerste-generasie" fotostate is en nie fotostate van vorige fotostate is nie.

(2) Maak seker dat daar geen aanduidings op die fotostaat is dat dit gefaks was nie. Indien wel, moet die bevestiger die gefakste dokument beëdig deur daarop te skryf: "I have seen the original document, but at the time no copier facility was available and therefore I accepted this faxed copy" met volle name, handtekening en datum.